

Van die redaksie

Die heel eerste uitgawe van die NGTT, deel een nommer een, staan onder die datum Desember 1959. Vyf-en-veertig jaar later is die September en Desember 2004-uitgawe van die Tydskrif die vyf-en-veertigste nommer wat verskyn. Die eerste uitgawe het sewe artikels bevat – een elk van die ses professore op Stellenbosch: B B Keet, J C G Kotze, J J Müller, F J M Potgieter, W J van der Merwe en P A Verhoef en dan ’n artikel van prof Ben Marais van Pretoria. Van hierdie geëerde hoogleraars is nog net prof Verhoef in die lewe. Die huidige uitgawe van die Tydskrif het meer as dertig artikels, geskryf deur kollegas by al drie die fakulteite waar predikante vir die NG Kerk en die NG Kerkfamilie opgelei word; ook kollegas in die buiteland en predikante in die bediening uit verskillende denominasies.

In die redaksionele artikel van 1959 geskryf deur prof Potgieter, word gesê dat die blad ten dienste van “die ganse Kerk” wil wees. Almal wat wil meewerk aan die uitbouing van die teologiese wetenskap word genooi om bydraes voor te lê – “Die enigste toetssteen wat by die keuring van bydraes aangelê sal word, is: die Skrifopenbaring; soos deur die Nederduitse Gereformeerde Kerke in ooreenstemming met en in die verlengde van *Die Drie Formuliere van Enigheid* verklaar en toegepas word.” Binne die kader van die belydenisskrifte was dit destyds, soos vandag ook nog, die beleid van die Tydskrif om die geleentheid vir debat te skep. Teologiese debat deur liefde ingegee en beheers, is gesien as die *sine qua non* vir ’n bloeiende teologiese wetenskap.

Die 1959-uitgawe het in dankbaarheid teruggedink aan die opening van die Teologiese Kweekskool in 1859. Die uitgawe is daarom opgedra aan die Kweekskool. Vanjaar op 1 November is dit een honderd vyf-en-veertig jaar gelede dat die Kweekskool sy deure geopen het vir die opleiding van leraars – ons hartlike seënwense aan hierdie inrigting. Waar die 1959-uitgawe die bydrae van slegs een dosent van Pretoria gehad het, bevat hierdie uitgawe ’n hele aantal bydraes van kollegas nie net in Pretoria en Bloemfontein nie maar eintlik van regoor Suid-Afrika en ook die buiteland. In vyf-en-veertig jaar het die beoefening van teologie in Suid-Afrika wyd verbrei en getuig die hoeveelheid artikels nie net van ’n lewendige teologiese debat nie maar ook van baie goeie kwaliteit.

In 1959 is ook dankbare hulde gebring aan prof B B Keet wat in daardie jaar geëmireter het. In hierdie uitgawe word dankbare hulde gebring aan proff P F Theron en D A du Toit wat reeds beide geëmireter het. Baie dankie aan hierdie twee kollegas vir hulle bydrae tot kerk en teologie. Mag julle jare vorentoe baie geseënd wees.

’n Paar weke gelede het ons met skok verneem van die oorlye van dr Jimmy de Beer. Dr de Beer se proefskrif het juis oor prof Keet gegaan. Suid-Afrika het nog ’n baie bekwame kerkhistorikus verloor. Ons innige meegevoel aan sy eggenote, kinders en familie.

P Coertzen
Stellenbosch
September 2004